

REEKS: GOD IS...

KLEINGROEP ONTMOETING 3

God is... asem wat lewe gee



A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 14 min video van Rob Bell: 014 Breathe
<https://www.youtube.com/watch?v=XUFnNlvalxA>

D: WANDEL IN DIE WOORD

Vra iemand om die volgende te lees:

Teks gedeelte: Job 33:4

4 Die Gees van God het my gemaak, die asem van die Almagtige het my die lewe gegee.

Nog teksgedeeltes:

Gen 2:7, Joh 20:22, Rom 8:11, Hand 17:24-25 & 28, Eseg 37:1-14, Gen 3:19; Jak 4:14, Eks 3:5-6, Joh 3:3



E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Wat beteken dit dat die mens van “stof” is en weer “stof” word?
2. Hoe gee God aan “stof” en “dooie bene” lewe? Doen Hy dit vandag nog steeds?
3. Wat is nodig om uit-te-aseem in jou lewe?
4. Wat is nodig om in-te-aseem in jou lewe?
5. **God se Gees = asem = lewe.** Wat beteken dit vir jou geloofsluwe om dit te weet, nie net vir hierdie lewe nie, maar ook vir die ewige lewe?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Fokus op groei en uitreik.

Voorbeelde: Gaan besoek die graf van 'n geliefde of kontak/bemoedig iemand wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Maak 'n nota teen jou speel om jou te herinner om bewustelik te leef en asem te haal!

Luister die volgende lied in jou stiltetyd en stuur dit aan om iemand te bemoedig (Lauren Daigle: Come Alive Dry Bones)

<https://www.youtube.com/watch?v=VuCLqoxigNA>

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



REEKS: GOD IS...

KLEINGROEP ONTMOETING 3

God is... asem wat lewe gee GESPRESKRIGLYNE (Ds Cor Swart)



ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

In Genesis 1 en 2 lees ons dat God die Skepper God is. In Genesis 2:7 lees ons dat dit God is wat ons uit stof gevorm het en lewensasem aan ons gegee het! Ons hele lewe van geboorte tot sterwe is uit God se hand.

Indien ons weer stof word, dui dit daarop dat ons liggaam terugkeer na ons oorspronklike staat voordat God ons geskep het. In Romeine 8:10 stel Paulus dit soos volg: *"Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde."* (Ons word weer stof!)

Romeine 8:11 bevestig dat God meer doen as net asem vir ons sterflike liggame te gee. Hy gee ook asem vir die ewige lewe: *"Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon."* (Ons sal tot in ewigheid lewe!)

Die teks in Esegïel 37 bevestig dat niks vir God onmoontlik is nie. God se Gees (asem) kan dooie bene lewend maak!
God se asem:

- Skep lewe by ons geboorte,
- Hy gee nuwe lewe wanneer ons tot geloof kom (wedergeboorte waarvan Jesus vir Nikodemus leer), en
- Hy gee ewige lewe wanneer ons sterwe.

Is dit nie wonderlik om dit te weet nie!!

